Sondag, 29 Mei 2022
'Exaudi':
Verlangsondag tussen Hemelvaart en Pinkster

"Waarvandaan sal daar vir my hulp kom?" – Wat skuil daar onder dié vraag?

"Die Here sal jou beskerm..."
(Psalm 121:7)

"'You boys going to get somewhere, or just going?' We didn't understand his question, and it was a damned good question."
(John Kerouac, *On the Road*)

Dit is 'n inderdaad 'n goeie vraag! Is ons maar net, of is ons op pad iewers heen? Leef ons maar net, of leef ons met 'n bepaalde bestemming in gedagte? Voer ons maar net 'n bestaan, of is dit veel eerder 'n bestaan wat strek vanuit 'n oorsprong tot by 'n bepaalde *telos* (doel) met ons lewens? Leef ons maar net deur daagliks te probeer oorleef, of is dit eerder 'n lewe wat spruit vanuit goed geankerde wortels, en heenwys en uitstrek na nuwe horisonne en ander potensiële ruim wonings? Leef ons asof ons gearriveer het, of is ons eerder bewus van 'n bepaalde heilige onrus en onderweg wees in hierdie wêreld? Kortom, dit is 'n goeie vraag!

Net so begin Psalm 121 ook met 'n vraag, en dit is om verskeie redes ook 'n goeie vraag. Ons, wie op allerlei soorte paaie kan wees, het voorwaar nodig om ook te identifiseer met die vraag, en saam te vra na die antwoord hierop. Hierdie is 'n vraag wat mense in alle soorte van omstandighede geroep en geskool word om te vra. Hetsy of ons op 'n gevaarlike pad is (en nie noodwendig die antwoord op die vraag ken nie), of op 'n smal en goeie weg vertoef (waarop ons tog die antwoord daarop ken), elkeen word uitgenooi en aangemoedig om dit weer opnuut te leer vra.

Hoekom? Die vraag lei ons op 'n pad waar ons die diepsinnige antwoord daarop nog verder sal leer ken. Dit is 'n goeie vraag omrede dit so 'n besliste antwoord en reis in gedagte het. Buiten dat dit eerste artikel van die Credo verwoord, en veral die dieper beloftes van ons doop in God se Naam ontsluit, lei dit tot die ontdekking van op weg wees met God se "samar". Ses keer word hierdie Hebreeuse woord herhaal in die teks, want hierdie God plaas nie net ons omringende berge in perspektief met geloof in Hom as die Skepper van hemel en aarde nie, maar Hy is ook hier én daar, dag én nag, op die uitkyk vir ons. Die Almagtige is ook, soos die Ou Afrikaanse vertaling dit stel, "jou Bewaarder, die skaduwee aan ons regterhand". Reg in die middel van ons uiteenlopende lewenspaaie en weë, soos ook presies reg in die middel van hierdie psalm, is God se "samar" met ons op weg na 'n baie spesifieke bestemming.

Martin Laubscher.

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, in die kerk gelei deur dr. Martin Laubscher en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Dit is ook die begin van ons Pinksterreeks 2022. Die erediens word regstreeks uitgesaai ("livestream") via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal na lidmate wat nie in die kerk kan wees nie. Die gesinsdiens in die saal word gelei deur ds. Jan Lubbe.

Sien ingeslote bladsy vir die liturgie van vanoggend se erediens.

NG KERK BERG-EN-DAL: PINKSTER 2022

Oor die gees (én Gees) van die pelgrimsgebede –
Hoe om op weg te wees as gelowiges in hierdie wêreld...

Die idee van om op weg te wees, veral in die geloof, met 'n bepaalde adres, pad en bestemming in gedagte, was nog altyd integraal tot die Christelike lewe. Lank voor die eerste Christene in die Nuwe Testament as "mense van die weg" bekend sou word en Jesus dissipels sou roep op die pad van navolging, was daar geloofsvaders en -moeders wie implisiet deur die hoor van hul roeping, in beweging sou kom. Ons voor*gangers* is mense wie moes trek, op weg gaan, die onbekende in. Dink maar aan Abraham, Isak, Jakob en Josef; Sara, Rebekka, Ragel en Lea; Moses en Aaron en Miriam; Orpa, Naomi en Rut en talle ander dogters en seuns van God se volk wie onderweg was vanuit slawerny en hongersnood na 'n beloofde land van oorvloedige melk en heuning. Buiten talle berge en dale, riviere en driwwe wat daar oorgesteek en agtergelaat moes word, is daar ook periodes daarná in die geskiedenis wat hul lewens as vóór, mét en ná 'n ballingskap sou beskryf...

Vervolgens maak dit eintlik heeltemal sin dat die kerk se gebedeboek, die Psalms, 'n besonderse kleiner groepie psalms bevat wat heet dié *pelgrims*liedere: Dié 15 psalms wat strek vanaf **Psalm 120 tot 134**, meestal kort en maklik om te memoriseer en te sing soos gelowiges op weg sou gaan na spesifieke feeste in Jerusalem, sou deur die eeue besonderse invloed uitoefen. Van die bekendste en mees geliefde psalms kom waarskynlik met rede in die kort versameling na vore. Die opvallende van die bundel tekste is dat dit veral so 'n wye verskeidenheid van liturgiese aksente en teologiese temas bevat. Anders gestel: 'n Mikrokosmos van die erediens én lewe is te vinde in die reis wat strek vanaf Psalm 120 tot en met 134. Daarom, soos wat ons spreekwoordelik in die dae tussen Hemelvaart en Pinkstersondag in Jerusalem moet wag op die Gees voor ons gestuur word na die uithoeke van die wêreld, is die veronderstelling en verwagting om in dié tyd opnuut weer geskool en gevorm te word in die spiritualiteit van die pelgrimsliedere. Soos wat ons (gelowig en ongelowig) in 'n heilige onrus verkeer, en wag om op weg te gaan (wat juis nie op weghardloop dui nie), onderneem ons 'n reis in die pelgrimsliedere as padkos en padkaart vir die nog groter en langer weë waarop ons is en geroep (gaan) word....

Sondagoggend, 29 Mei om 09:30	Psalm 121 – Wat skuil daar alles onder dié vraag?
Sondagaand, 29 Mei om 18:00	Psalm 123 – Kyrie eleison! Heer, wees ons genadig...
Maandagaand, 30 Mei om 18:00	Psalm 124 – Om te leef tussen hemel en aarde?
Dinsdagaand, 31 Mei om 18:00	Psalm 126 – En tussen onthou en verwag?
Woensdagaand, 1 Junie om 18:00	Psalm 127 & 128 – Oorwerk, en oor (genade wat) werk?
Donderdagaand, 2 Junie om 18:00	Psalm 131 – Geborge, veilig en tevrede
Sondagoggend, 5 Junie om 18:00	Psalm 134 – Ons tuiskoms as singende, seënende priesters!

Ds. Johan Marais lei die Pinksterreeks by Siësta Tehuis, soggens om 11:00, Maandag tot Vrydag.

Uitnodiging na ons Pinksteruitstalling, sop en broodjies in die Kerksaal:
Soos elke jaar, bied Gemeente- en Getuienisbediening 'n uitstalling van organisasies met wie Berg-en-Dal in vennootskap werk ter noodleniging en verspreiding van die Evangelie se goeie nuus naby en verder deur ons wêreld. Uitstallers vanjaar sluit in die SA Bybelgenootskap, Gladstoneweg Jeugsorgsentrum, SANCA Aurora Alhohol- & Dwelmsentrum, Zanchieta Wildlife Rescue, Hospice Bloemfontein, Vrystaat Nasorgsentrum, die NGKA Botshabelo en Protea Boekwinkel.

Insameling van komberse, klere en nie-bederfbare kruideniers vir ENGO
Ons nooi lidmate ook uit om soos wat hul die Pinksterdienste kom bywoon, aan behoeftiges in ons stad te dink en 'n kombers, klerasie of nie-bederfbare kruideniers saam te bring en in die houers in die kerksaal te plaas – ENGO versprei dit dan deur die stad waar daar nood is.

Mag Pinkster 2022 vir ons almal 'n week van verkwikking en nuwe inspirasie wees!

Ander Eredienste:

Sondag, 29 Mei	18:00 – Dr. Martin Laubscher (Pinksterreeks II)
Sondag, 5 Junie	09:30 – Dr. Martin Laubscher (Pinksterfees); gesinsdiens in die saal – ds. Johan Marais.
	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens)
	18:00 – Wyksbyeenkomste, soos gereël deur ouderlinge.

Covid 19-Reëlings

Ná die opheffing van die ramptoestand, nooi ons alle lidmate terug na ons eredienste en ander byeenkomste. Ons benut steeds net 50%-kapasiteit van ons geboue, en versoek u om ook maskers binnenshuis te dra en 'n veilige afstand te handhaaf. Daar is saniterings-houers by die deure sou u dit wou gebruik. Versterk u immuniteit en laat u inent – dit help!

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

29 Mei	Carmi du Plessis, Nina Fourie en Herman Kleynhans.
30 Mei	Immie Howard.
31 Mei	Iné Botha, Petro Coetzer, Pieter Klindt, Piet le Roux en Mia Streicher.
01 Jun	Reynardt Breytenbach, Lourens Els, Stephan Meintjes, Diaan Rossouw, Frank Scheepers en Martelize Weyers.
02 Jun	Petri Crause, Ursula Hanekom, Greyling Kruger, Hantie Meyer, Gretha Zietsman.
03 Jun	Kayden Badenhorst, Sannette Greyvenstein, Luané Le Roux en Juando Roque.
04 Jun	Ria Jacobs en Thenette Mulder.

Ons dink aan almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Ralie Poggenpoel (High Point Ridge 17, wyk 13a), Tannie Hettie Badenhorst (SeweDamme 113, wyk 8b); Tannie Rina Visser (Batonstr. 1, wyk 2a); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b); Mathilda Henning (Dan Pienaarrylaan 86, wyk 11b) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b). Verskeie lidmate en soms selfs hele gesinne word ook weer siek met Covid – ons wens jul almal sterkte, beterskap en moed toe. Ons dink ook aan lidmate wie 'n familielid of geliefde wat ernstig siek is moet versorg of ondersteun: Mag jul krag en troos ontvang...

Ons meegevoel aan Alfreda en Eddie Schutte en familie (SeweDamme 133, wyk 8b): Haar moeder is oorlede en die gedenkdiens was gisteroggend by Sewe Damme.

In ons gebede steeds ook: Die lydendes in Oekraïne; vloedgeteisterdes in KwaZulu-Natal; droogtegebiede in die Oos-Kaap; elke slagoffer van geweld in ons samelewing.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag deel van hierdie groep wil wees en gebedsversoeke ontvang.
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep: Nie hierdie Pinksterweek, maar afsluiting op 1 Junie.
Die Donderdagoggend-Bybelstudie om 09:00, in die konsistorie, behandel die profeteboek **Amos** – kontak ds. Johan Marais as jy by hulle wil inskakel (084 517 8052).

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	–	ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	–	ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus en ons maak 'n afspraak by die kerk of kom om jou te besoek.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
Ons dank aan **Wyke 3** en **4** vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee gedurende Mei. In Junie is **Wyke 5** en **6** (rondom Willem Postma) aan die beurt – indien jy ook wil help, skakel Marthina van Zyl (073 180 3193).

BEDIENINGE

Gemeentemark: Komende Vrydag, 3 Junie; ons kort voorraad en helpers asb.!

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondag tydens die diens, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons het nie meer "deurkollektes" nie, maar 'n tiende (10%) van hierdie eredienskollekte word as bydrae vir die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie vir daardie Sondag, oorbetaal.
Vanoggend, **29 Mei: NG Kerk Vrystaat – Gemeentehulp**.
U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – ons bankbesonderhede is **ABSA Tjekrek. 470-580-011**.

SnapScan

Onthou dat Mei ons Spesiale Dankoffermaand is.
Ons gemeente en haar bedieninge, ook wyer in nood, is van hierdie insameling afhanklik. Ons staan tans op R 267 170,00 – baie dankie, ons nader die begrote mikpunt...

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig.